NG NYLSTROOM-OOS

Admin: 072 262 5929
Finansies: 073 411 6944
admin@ngoos.co.za
kerkkantoor@ngoos.co.za
Kantoorure: Ma-Do, 08:00 - 14:00
Vr, GESLUIT

NG Nylstroom-Oos
www.ngnylstroomoos.com
Ds Ewald Schmidt 082 579 6648
Ds Danie Ueckermann 082 579 6649

27 April '25

Eredienste

09:00 Erediens
Prediker: Ds Danie Ueckermann
Verwelkoming en tee: OGG Tonnie Swart
Ontvang nuwe intrekkers: Marietha Ueckermann
Blomme: Gerda van Biljon

YouTube
ngnylstroomoos

Dagboek

April

28: Openbare Vakansiedag
29: Geen Bybelstudie

Aksie Seniors se volgende funksie sal eers op 28 Mei gehou word.

Gebedslys

Langdurige siekte:
Celia Jordaan; Dirkje Combrink; Sorina du Toit; Pieter van Eeden; en Mike van Biljon.

Siektes/operasies/sterftes:

- Frances du Preez is oorlede, ons dink aan Jan en sy geliefdes in die hartseer tyd.
- Willie Cloete is opgeneem in die hospitaal.
- Gert Nel (voorheen in gemeente) is oorlede.
- Boshoff Davel sterk aan by die huis.

Afkondigings

Indien jy graag die afkondigings op WhatsApp wil ontvang, laat weet asseblief die kantoor. Ons het'n groep geskep waar net Admins kan plaas. Stuur 'n WhatsApp na 072 262 5929 met 'afkondigings' as die boodskap, en ons voeg jou by. Die afkondigings is ook beskikbaar op die Winkerk toep (kom maak 'n draai by die kantooras jy nie regkom daarmee nie) en op die webwerfhttps://www.ngnylstroomoos.com/preke

Gebedsriglyne

27 Apr - 11 Mei

A. FOKUS OP GOD

• Raak stil en word bewus van God se teenwoordigheid.

• Lees dan ***Ef 1:1-22*** en luister na wat die Here vir jou wil sê oor wat Jesus se offer aan die kruis alles vir jou (en elkeen van ons) ten duurste voor betaal het.

- Lees dit vers vir vers en maak ‘n lys van die voorregte en die seën wat dit vir jou (en ons) gekoop het met Sy bloed. (Lees dit meer as een keer deur die vlg 2 weke en voeg by soos wat die Gees jou van nuwe dinge bewus maak).

- Bring aan Hom die dank en lof vir hierdie groot genade.

- Bly my dankbaarheid net by woorde of getuig my lewe ook daarvan?

B. VERANDER MY HERE

“Hoofsaak is dat julle lewenswandel in ooreenstemming met die evangelie van Chrisutus moet wees” Fil 1:27

• Lees weer deur ***Ef 1:1-22*** en fokus hierdie keer op dit wat God van jóú en elke Christen vra.

• Meet jou eie lewe hieraan en wy jou opnuut daaraan toe om met dankbaarheid te lewe.

• Gebruik ***Ef 1:15-23*** om te bid vir jouself.

C. GOD SE KONINKRYK

• Bid dan ook hierdie gebed van Paulus vir:

1. Jou gesin en familie;
2. Vriende;
3. Mede lidmate;
4. Christene in SA;
5. Gelowiges wêreldwyd.

D. VOORBIDDING

“Bely julle sondes eerlik teenoor mekaar en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word. Die gebed van ‘n gelowige het ‘n kragtige uitwerking.” Jak 5:10

• Vra eerstens dat die Heilige Gees jou bewus sal maak van enige iemand wat jy te na gekom het en bely dit teenoor God maar ook teenoor die ander persoon/ persone.

• Bid ook vir mense wat jou te nagekom het en vergewe hulle sodat jy ook geestelike en emosionele genesing sal kry.

• Bring dan jou behoeftes na die Here toe en vertrou dat Hy vir jou sal gee wat vir jou goed is.

• Vra dat die Here vir jou ware empatie sal gee vir ander mense en dat Hy mense op jou hart sal lê wat gebed nodig het.

- Bid vir daardie mense (en indien jy gelei voel, kontak hulle en vra of daar iets spesifieks is waarvoor jy vir hulle kan bid)

- Bid ook vir die mense op die gebedslys in die afkondigings.

• Michelle Potgieter (wat gemeenteleier is in Ukraine) se dogter, Mari-Alena (23) is kritiek met agressiewe kanker en na die 2de rondte sterkste moontlike chemo is daar geen verbetering nie en die gewas bly groei. Medies gesproke is daar nie baie hoop nie. Sy vra dat ons saam bid vir ‘n wonderwerk.

E. AFSLUITING

“Aan Hom wat deur Sy krag wat in ons werk, magtig is om oneindig meer te doen as wat ons bid of dink, aan Hom kom die eer toe…” Ef 3:20

Indien u die gebedsriglyne op WhatsApp wil ontvang in groter skrif, kontak Marietha Ueckermann by 072 451 2385.

Jeug

Ds Danie Jacobs verwelkoming

Sondag 4 Mei tydens die erediens, word proponent Danie Jacobs georden en bevestig as leraar.

Sondag 11 Mei sal hy sy intreepreek lewer. Almal word hartlik uitgenooi om na die afloop van die erediens saam te kom kuier in die saal. Kontak asb vir Gasvryheid, by 083 648 6298, indien daar iemand is wat sal kan bydra tot peuselhappies vir die geleentheid.

Hou die afkondigings dop vir meer inligting.

Ds Ewald by NG Springbokvlakte eredienste:
Mei 18, 25

Verjaarsdae

27 Apr - 3 Mei

28: Susan Wahl;
29: Hano Smit;
30: Lindi Loots, Neluis de Wet;
1: Johan Vosloo;
2: Tielman Fourie, Willem Scott;
3: Jozua Badenhorst; Dominique Janse van Vuuren.

75 & ouer:
27: Marie Strydom;
29: Elsa Smith.

Ander

Gemeente WhatsApp Kanaal

Skandeer hierdie QR kode om die kanaal te volg.

Gemeente kommunikasie

Laai asseblief die Winkerk toep af, registreer en kry die afkondigings, enige veranderinge aan die gemeente se kalender, jou inligting en meer.

SnapScan

Maak gerus betalings na die gemeente deur die meegaande QR kode te skandeer.
Spesifiseer asb waarvoor die betaling is in die 'Payment reference' blokkie - kollekte, bydrae vir (Bybelgenootskap, fees) ens.